# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

---

**45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***
***Use water sparingly. Every drop counts.***
***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 25 SEPTEMBER 2018 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

### TEENWOORDIG

### LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdl. JC Botha | [DA] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |

### AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. GJ Goliath | : | Munisipale Bestuurder – waarnemend |
| Mnr. W Wagener | : | Direkteur Korporatiewe Dienste – waarnemend |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |

***

AKSIE

**RVN001/09/2018**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Uitvoerende Burgemeester open die vergadering met 'n gebed, waarna die Speaker almal by die vergadering verwelkom.

Die Speaker bied ‘n geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester om die personeel van die Kantoor van die Uitvoerende Burgemeester te bedank vir hulle uitstekende diens gelewer by die Phelophepa Gesondheidstrein, in samewerking met die Direktoraat Tegniese Dienste en Direktoraat Gemeenskapsdienste.

***

**RVN002/09/2018**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadsheer Swart – verskoning
Raadslid BJ Claasen – verskoning
Raadsheer SR Claassen – afwesig
Munisipale Bestuurder – ander munisipale verpligtinge
Direkteur Korporatiewe Dienste – ander munisipale verpligtinge
Bestuurder: Strategiese Dienste – ander munisipale verpligtinge

***

**RVN003/09/2018**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Die Direkteure verklaar hulle kollektiewe belang ten opsigte van item 052.

***

**RVN004/09/2018**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 28 AUGUSTUS 2018**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Gewone Raadsvergadering gehou op Dinsdag 28 Augustus 2018 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEES (S WILLEMSE)***

***

**RVN005/09/2018**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 28 AUGUSTUS 2018**
**3/3/2/2**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder gee mondelings terugvoering met betrekking tot die verslag oor die besluite van die Raadsvergadering wat gehou is op Dinsdag 28 Augustus 2018.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN006/09/2018**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE SPEAKER EN WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: REVIEW OF PERFORMANCE AND AUDIT COMMITTEE CHARTER FOR THE 2018/2019 FINANCIAL YEAR (RVN013)**
**12/2/2/21**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder rapporteer dat Nasionale Tesourie skriftelik bevestig het dat Bergrivier Munisipaliteit nie toegelaat word om enige addisionele vergoeding te betaal (voorbereidingsvergaderings insluit) vir Staatsamptenare wat op die Prestasie- en Ouditkomitee dien nie.

Die Interne Ouditeur bevestig dat die betrokke Prestasie- en Ouditkomiteelid steeds deel bly van die Prestasie- en Ouditkomitee en dat sy slegs reiskoste ontvang vir die bywoning van die vergaderings.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN007/09/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

**LEED**

- Dat die Minister van Omgewingsake, Me. Edna Molewa gesterf het op Saterdag 22 September 2018.

*('n Oomblik van stilte word staande gewy ter nagedagtenis aan die oorledene.)*

***

**RVN008/09/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: OORHANDIGING VAN PRYSE AAN DIE WENNERS VAN DIE PORTERVILLE HOOFSTRAAT ONTWERP KOMPETISIE**
**3/3/1/5**

Die Voorsitter verwelkom die afgevaardigdes en bied die geleentheid aan Raadslid Daniels en die waarnemende Munisipale Bestuurder om die pryse te oorhandig aan die wenners van die kompetisie.

Die onderskeie Raadslede oorhandig die pryse aan die onderstaande pryswenners:

- Me. Yvette Odendaal oorhandig die Derde plek aan Mnr. S Smeiman;
- Raadsdame Smit oorhandig die Tweede plek aan Mnr. J Le Roux; en
- Raadslid du Plooy oorhandig die Eerste plek aan Mnr. E Schreuder.

Raadslid Daniels bedank die onderskeie borge wat die pryse geborg het.

Ten slotte bedank die Speaker die Raadslede, Bergrivier Toerisme Organisasie en deelnemers wat betrokke was.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN009/09/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN010/09/2018**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE SPEAKER EN WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: PRESTASIE BEOORDELING ARTIKEL 57 POSTE VIR DIE TYDPERK 01 JULIE 2017 TOT 30 JUNIE 2018**
**9/1/2**
***('n Verslag word voorgelê, soos voorheen elektronies versprei – Bylae A)***

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item in en hou die verslag voor aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Raadslede wat betrokke was by die prestasie beoordeling van die Munisipale Bestuurder en Direkteure.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN011/09/2018**
**VERHURING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERF 162, VELDDRIF (V.162)**
**7/2/3/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Munisipaliteit in terme van die MFMA die perseel vir die verskaffing van die minimum vlak van basiese munisipale dienste benodig, maar dat gedeeltes wel vir tuinmaak doeleindes en parkering aangewend kan word sonder om dienslewering te benadeel;
2. Dat die Raad 'n bedrag van R550.00 (BTW ingesluit) per jaar, met 5% jaarlikse eskalasie, bepaal as die huurbedrag vir die verhuring van Erf 162, Velddrif aan W.W. Hopley vir 'n tydperk van 36 maande; en
3. Dat die Munisipaliteit se voorneme om Erf 162, Velddrif aan W.W. Hopley te verhuur, vir 14 dae adverteer word en besware oorweeg word. Indien geen besware ontvang word nie, dat die huurooreenkoms met W.W. Hopley vir die huur van Erf 162, Velddrif vir 'n tydperk van 36 maande verleng word, gebaseer op dieselfde voorwaardes en bepalings.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN012/09/2018**
**VOORSIENING VAN PARKERING OP MUNISIPALE EIENDOM: ERF 592, LAAIPLEK (L. 592)**
**7/2/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad toestemming verleen aan Celdor Holding Pty Ltd, vir die voorsiening van publieke parkering op Erf 592, Laaiplek soos aangedui op die sketsplan gemerk "A" *(Bylae B van die verslag)* onderhewig aan die volgende voorwaardes:

i. Bergrivier Munisipaliteit aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige kostes met betrekking tot die voorsiening van die parkeerruimtes nie;
ii. Bergrivier Munisipaliteit moet skriftelik gevrywaar word van enige finansiële kompensasie vir die verbeterings wat aangebring word;
iii. Die parkering sal beskikbaar wees aan die algemene publiek, en mag nie gereserveer word vir privaat ondernemings nie;
iv. Bergrivier Munisipaliteit behou die reg voor om die grond vir dienslewering aan te wend indien nodig; en
v. Die parkering moet geplavei en duidelik uitgemerk wees, en moet dimensies van 5m x 2.5m hê soos bepaal deur die Bergrivier Munisipaliteit: Geïntegreerde Soneringskema Verordening.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN013/09/2018**
**VERSOEK VIR VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM: 'N GEDEELTE VAN PUBLIEKE OOPRUIMTE ERF 705 PIKETBERG (PB. 705)**
**7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad nie die gedeelte grond (uitvalgrond ±600m²) soos aangetoon op die opgemete landmeter diagram deur CJ Nortje vir dienslewering benodig nie;
2. Dat die gedeelte van Erf 705, Piketberg nie as 'n afsonderlike sinvolle erf benut kan word nie en gevolglik aan die eienaar van Erf 2176, Piketberg beskikbaar gestel kan word;
3. Dat die eiendom vervreem word teen 50% van die gemiddelde residensiële waarde (BTW ingesluit), alternatiewelik kan die eienaar self 'n waardasie op die Erf 705, Piketberg laat doen;
4. Dat die Raad se Intensie om 'n gedeelte van die publieke oopruimte Erf 705, Piketberg (±600m²) te vervreem vir 14 dae geadverteer word vir publieke kommentaar/vertoë; en indien geen vertoë ontvang word daar voortgegaan word met punt nommer 5 en 6;

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

5. Dat die applikant op sy eie onkoste formeel aansoek doen om sluiting van publieke oopruimte, onderverdeling, hersonering asook konsolidasie ingevolge Bergrivier Munisipaliteit Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning; en

6. Dat die stormwatersloot nie geaffekteer mag word deur die voorgestelde vervreemding of moontlike onderverdeling van die gedeelte grond nie en dat die hantering van stormwater tot bevrediging van die Direktoraat Tegniese Dienste hanteer word.

***

**RVN014/09/2018**
**<u>VERSOEK VIR VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM ERF 3499 PORTERVILLE (PTV. 3499)</u>**
**7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item.

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die aansoek om munisipale besigheidsperseel Erf 3499, Porterville te vervreem **afgekeur** word, aangesien die betrokke eiendom benodig word vir toekomstige plaaslike ekonomiese ontwikkeling deur die munisipaliteit en kan om hierdie rede nie vervreem word.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN015/09/2018**
**<u>VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERWE 2965, 2966 & 2967 PORTERVILLE (VOETGANGER DEURGANG TUSSEN PROTEASTRAAT EN DJ PEARCE LAAN) (PTV. 2965, 2966 & 2967)</u>**
**7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item.

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die petisie ontvang, bewys dat die voetganger deurgang wel deur ‘n groot gedeelte van die plaaslike gemeenskap benut word en kan die grond om hierdie rede nie deur die Raad vervreem/gesluit word nie;

2. Dat alternatiewe deur die Stadsbeplanner (Oos) in samewerking met die plaaslike Siviele Ingenieurs, asook Elektriese dienste ondersoek word, ten einde probleme met die huidige stand van die deurloop aan te spreek;

3. Dat die betrokke Amptenare tesame met die Wyksraadslid van Wyk 2, ‘n ondersoek terplaatse doen voor die vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, wat plaasvind op Donderdag 13 September 2018; en

4. Dat die Raad in beginsel goedkeur dat die deurgang beveilig word en dat die Tegniese Dienste Direktoraat versoek word om die moontlikheid van ‘n deursigtige pallisade (“clear view”) heining te ondersoek vir oorweging tydens die volgende begrotingsprosesse (2019/20).

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN016/09/2018**
**INTRODUCTION OF DRAFT AMENDMENT TO THE BY-LAW ON MUNICIPAL LAND USE PLANNING**
**15/1/7**

The Portfolio Chairperson, Councillor Daniels gave a brief background to the item under discussion.

**The undermentioned resolutions was taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That the contents of the report be noted;
2. That in terms of section 12(2) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) amendment to the By-Law on Municipal Land Use Planning be made;
3. That in terms of section 12(3)*(b)* of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the proposed amendment to the By-Law on Municipal Land Use Planning be published for public representations; and
4. That the proposed amended By-Law on Municipal Land Use Planning and any representations received, be submitted to Council for consideration.

***MANAGER: PLANNING & ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN017/09/2018**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: JULY 2018**
**5/1/B, 5/1/1**

The Executive Deputy Mayor gave a brief background to the item under discussion.

Various inputs/comments were made by the Speaker.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for July 2018.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN018/09/2018**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 31 JULIE 2018**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering wat gehou is op Dinsdag 31 Julie 2018.

***

**RVN019/09/2018**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DONDERDAG 16 AUGUSTUS 2018**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering wat gehou is op Donderdag 16 Augustus 2018.

***

**RVN020/09/2018**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN021/09/2018**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 14:50***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

***VOORSITTER (SPEAKER)***

***DATUM***

***